

Vir SAVLU:

Vrystaat Vroue Landbou-Unie se jaarlikse Konferensies begin op 20 Februarie 2018. In 'n lowergroen Oos-Vrystaat word Area 9 se konferensie te Don Don in Hobhouse aan die walle van die Caledonrivier aangebied. Vrystaat Vroue Landbou-unie se tema, soos die van SAVLU, is “Hef ‘n vrou op” en me Mariehetta Mathhee, eertydse skoolhoof van die Oranje Meisieskool, Bloemfontein herinner konferensiegangers dat as jy iemand anders ophef, jy terselfdertyd ook jouself ophef.

Hobhouse bederf almal teenwoordig met ‘n regte Engelse “High tea” en dit is hulle voorreg om nie net die nuwe VVLU president, me Gerda Pienaar, te verwelkom nie, maar ook me Tharina Rossel, SAVLU President.



Op die oewer van die Caledonrivier aan die grens van Lesotho

Guests and members were welcomed in Luckhoff in the Southern Free State on 20 February 2018. Dr Chris Erasmus was an inspired guest speaker and members were reminded that to get somewhere in life, you would have to take the first step and that takes a huge amount of courage.

The FSWAU newly elected president, Ms Gerda Pienaar also spoke on the theme “Uplift a woman” and the Luckhoff members treated visitors in specially made aprons.



Next in line was Petrusburg, a town situated in the western region of the Free State, very close to the Northern Cape Province. This conference was the last in the first week of being uplifted by knowledgeable guest speakers.

In die warm weste van die Vrystaat begroet die koel groen tafels, met glas en orgidieë versier, die gaste tydens Area 11 se Konferensie. Ds Cassie van der Berg maan die gaste dat hulle net 100% vrou kan wees as hulle God dien en met Wysheid optree. Mnr Gert Labuschagne dra die Boere-unie se groeteboodskap oor en vra dat die vroue hul eggenote in die moeilike boerderytoestande sal ondersteun. Nicolette Steele hef die vroue op met haar besielende boodskap. Wat 'n fees om na haar te luister. Mev Elana Grobbelaar lewer 'n dramatiese voorstelling van 'n siek huisvrou en Petrusburg-tak trakteer ons met kos uit die boonste rakke, om nie van die nagereg te praat nie!



Tafelversierings in groen, glas, wit en silwer

Die Uitvoerende bestuur begin die tweede week van konferensies in Parys by Casa Cara Lodge op die walle van die Vaalrivier. Heerlike koffie, tee en boerbeskuit begroet konferensiegangers. Pastoor Rinus van Sandwyk verwelkom almal met pragtige musiek en hy gee aan almal 'n heel nuwe uitkyk op Maria, moeder van Christus.

After three very serious conferences, members of Area 1 and the executive committee were treated by Jak de Priester, a very popular Afrikaans singer. In his own way, using his unique brand of music, he helped members realise that upliftment really begins at home.



This area is very involved in a project called “Bread tags for wheel chairs” and a huge amount of plastic bread tags was given to Joan Ferreira of the local SPCA.

Die volgende stilhouplek vir inspirasie was Diggers’ Inn in Welkom op 28 Februarie 2018. Weereens kon konferensiegangers met n heerlike koppie tee of koffie op pragtige groen grasperke ontspan voordat die wonderwêreld van ‘n pragtig getooide saal binne gegaan is.

Dr Lynette Fourie spoke about financial upliftment for women. She helped members understand the importance of being financially knowledgeable and independent.

The president of FSWAU reminded all that the shortest distance between two people can be measured with a smile.



Gerda Pienaar, FSWAU President and Gerda Barnes, Area 8 EO

Na ‘n heerlike aand in die geselskap van mede UB lede, begin die sesde konferensie in ‘n klein dorpie genaamd Wesselsbron. Die “Klein maar getryn” boere- orkes laat een en elkeen welkom voel. Ds Jannie Erasmus herinner almal dat jy nooit te jonk, of te oud, is om iets nuuts te leer nie! Hy maan lede om voortdurend iets nuuts te probeer, iets waaroor jy altyd gedroom het. Gasspreker Lillian Breedt herinner almal op haar unieke en prettige manier dat lag die beste eienskap is wat mens kan hê.

CS Lewis once wrote: “You can’t go back and change the beginning but you can start where you are and change the end”



Die UB op Wesselsbron

Area 2 hou op 6 Maart 2018 Konferensie by “Woudzicht Wedding Venue” en die gaste kom al van vroeg af aan om die glansgeleentheid by te woon. Cornelia is die gasvrou-tak die dames het hard gewerk om die tafels mooi te dek en om dit vir die gaste lekker te maak. Ds. Marelize Janse van Rensburg het die konferensie geopen en was ook die gasspreker. Sy het gesê dat ons vir die Here moet vra om ‘n wakker wag voor ons mond te sit. Daar is ook erkenning gegee aan lede met artikels wat deur die jaar gemaak is en ook aan lede wat lank getroue lid van VVLU is.



**Die Area oudste lede saam met Cornelia se jongste lid.
Me San Esterhuizen, Marina Cockcroft (UB Area 2) en Annie van Wyk**

Die UB vertrek na ‘n heerlike oggend, oorlaai met pragtige geskenke, na Bethlehem vir die voorlaaste Konferensie. Die gasvrou-tak Waterbron verwelkom lede en gaste op ‘n reenerige dag by Lavender Hill Lodge. Geen reenbui kan ‘n VVLU-dame van dié uithang konferensie weghou nie en gewapen met sambrele bring almal eer aan God in die Hillsong Kapel waar me Jeanette Jacobsz met stemmingsmusiek almal tot rustigheid bring.

Sonja Heroldt, well known Afrikaans musician was the guest speaker and she kept members enthralled with her message of hope conveyed in word and song.

A beautifully prepared lunch was served and afterwards the members who had worked so hard during the year were presented with beautiful prizes sponsored by DuPont-Pioneer.



Rain could not keep smiles away!

10 March 2018 dawned and this was the last day of the 9 FSWAU Area Conferences of 2018: The venue was decorated in pink, cream and brown and Zoutkop WAU welcomed guests and members in the beautiful, quaint town of Ficksburg, surrounded by the majestic Maluti Mountains.

Die Senekal aanbiddings-dansgroep open verrigtinge en die Camarata sanggroep se stemme verstom almal.

Lede met jare diens aan VVLU ontvang hulle dienswapens en me Gerda Pienaar lewer haar laaste presidentsrede vir 2018. Sy is waarlik 'n vrou wat met woorde kan omgaan en sy het almal teenwoordig met haar mooi, rustige persoonlikheid bekoor.

Na 'n heerlike noenontbyt kom me Helena Kriel aan die woord en 'n speld kon hoor val word! Wat 'n dinamiese vrou met 'n kragtige boodskap van opheffing.



Tafels in pienk, room en bruin getooi in Ficksburg

And so we came to the end of three weeks enriched by friendship, laughter, knowledge gained and love.

The roads of the Free State, good and horribly bad, were truly well travelled.